**TAALBELEID**

1. TAALVOORKEUR

Die meerderheid ouers en leerders van hierdie skool het aangedui dat die Taal van Onderrig en Leer (TOL), AFRIKAANS sal wees.

2. ALGEMENE BEGINSELS

2.1 Die Grondwet van 1996 bepaal dat enige persoon die reg het om onderwys te ontvang in die amptelike taal van sy/haar keuse.

2.2 Die Beheerliggaam bepaal die taalbeleid van die skool.

2.3 Die samestelling van die taalbeleid word bepaal deur die taalvoorkeur van die meerderheid van die leerders en ouers van die skool.

2.4 Daar kan slegs in die taal, wat binne die vermoë van die opvoeders is, onderrig word.

2.5 Die leerder wat by die skool inskryf, moet aandui in watter taal hy/sy onderrig wil ontvang.

2.6 Indien daar minstens 40 leerders in Gr 1 tot Gr 6, per graad en 35 leerders in Gr 7 is, wat onderrig in Engels wil ontvang, kan die Beheerliggaam, na oorlegpleging met die ouers van die skool, dit toestaan. (Verwys na punt 7 van hierdie beleid.)

2.7 Geen taalgroep kan aanspraak op toelating tot die skool maak, as die skool ten volle met Afrikaanssprekende leerders gevul is nie.

3. BEGINSEL VAN VEELTALIGHEID

3.1 Hierdie skool is ten gunste van die bevordering van veeltaligheid.

3.2 Afgesien van AFRIKAANS as onderrigtaal, word ENGELS eerste addisionele taal as Leerarea aangebied.

3.3 Veeltaligheid word deur die Beheerliggaam bevorder deur taalhandhawingsprogramme toe te pas.

4. TALE AS LEERVAKKE

4.1 Alle leerders in Gr 1, Gr 2 en Gr 3 moet in die leerarea, Geletterdheid, in Afrikaans onderrig word. Leerders in Gr 3 ontvang in die leerarea, Geletterdheid, onderrig in Afrikaans as eerste taal en Engels as eerste addisionele taal.

4.2 Vanaf Gr 4 tot 7 ontvang die leerders onderrig in Afrikaans as moedertaal taal (TOL) en Engels as eerste addisionele taal.

4.3 Albei leerareas word gelyk beregtig ten opsigte van tydtoekenning.

4.4 Alhoewel die bevordering van leerders op grond van hul bemeestering van uitkomste in alle leerareas gebaseer is, speel Geletterdheid in Afrikaans as TOL (Gr 1 – 3) en Afrikaans as TOL (Gr 4 – 7) tog ‘n baie belangrike rol vir bevordering van leerders.

4.5 Leerders wat nie die onderrigtaal magtig is nie, kan nie vorder nie, omdat hierdie gebrek aan kommunikasie ‘n nadelige invloed op die leerareas het.

5. DISKRIMINASIE

5.1 Die taalbeleid van die skool word nie gebruik om enige vorm van rassediskriminasie te bedryf nie.

5.2 Leerders word nie op grond van taal toegang tot die skool geweier nie.

5.3 Indien ‘n nuwe leerder van ‘n ander skool met ‘n TOL, anders as Afrikaans wil inskryf, moet hy/sy op aanbeveling van die hoof, voorwaardelik, vir ‘n proeftydperk van een kwartaal, ingeskryf word. Indien daar bepaal word dat so ‘n leerder nie sal vorder nie, moet die ouer daarvan in kennis gestel word en aanbeveel word dat so ‘n leerder onderrig in ‘n skool, wat sy/haar moedertaal as TOL het, moet ontvang.

6. TOETSING VAN LEERDERS

6.1 Geen formele toets, wat verband hou met die toelating van ‘n leerder tot die skool, word afgelê nie.

6.2 Aangesien die kommunikasie in die klas uitsluitlik AFRIKAANS is, moet die kind ‘n redelike kommunikasievermoë in AFRIKAANS hê om te kan vorder.

6.3 Die skoolhoof maak, na onderhoudvoering met die leerder in die ouer se teenwoordigheid, in belang van die kind, aanbevelings t.o.v. die leerder se plasing in ‘n betrokke graad.

7. VERANDERING VAN TAALMEDIUM

7.1 In die geval van aansoeke om die verandering van taalmedium, of instelling van parallel – of dubbelmediumonderrig in die skool, moet die Beheerliggaam die ouers by wyse van ‘n referendum, of dergelike stemming, raadpleeg.

7.2 Die meerderheid ouers van die skool se stemming sal bepalend wees en sal dien as motivering vir of teen die goedkeuring van die aansoek.

8. APPÈL

8.1 Indien die Beheerliggaam van die skool ontevrede is met enige beslissing van die provinsie se Departementshoof van Onderwys, kan daar binne 60 dae by die LUR appèl aangeteken word.

8.2 Die LUR se beslissing kan betwis word deur die saak na die Arbitrasie Stigting van Suid-Afrika te verwys.